PUBLISHED IN PARTNERSHIP WITH

Challenge

TM

DIE GOEIE NUUS KOERANT

Uitgawe 132

za.challenge.news

'N KERSFEES OM TE ONTHOU

Op Oukersaand 1996 het die Amerikaner Elliott Osowitt dalk die grootste geskenk van sy lewe gekry – hy is uitgeskop deur sy vrou wat kanker gehad het.

"Sy het huilend by die deur gekom, kaalkop en sieklik van die chemoterapie-behandeling, en vir my gesê: 'Ek weet waar jy was, met wie jy was en wat jy gedoen het. Ek kan dit nie meer hanteer nie. Jy is nie goed vir hierdie familie nie. Gaan weg. Ons is beter af sonder jou,'" onthou Elliott hartseer.

Elliott en Polly is getroud toe hy 19 was en het twee dogters saam gehad. Hy was nie 'n goeie man of pa nie. Hy was 'n swaar dwelmgebruiker en, alhoewel hy nooit fisies gewelddadig was nie, het hy baie woede in sy hart gehad.

"Ek het altyd geskree, gevloek, en geraas. Ek het my vrou en kinders sleggesê en afgekraak," erken hy.

Toe ontwikkel Polly borskanker en moes radikale chirurgie en chemoterapie ondergaan. Terselfdertyd is hul dogter, wat alreeds meer as 'n dosyn keer met die gereg in die moeilikheid was, weer in hegtenis geneem vir bedrog en vir drie jaar tronk toe gestuur. Dit het Elliott en sy vrou agtergelaat om haar twee kinders alleen groot te maak. Om van hierdie oorweldigende probleme weg te kom, het Elliott sy werk as mediese assistent bedank en 'n toerleier vir 'n Britse maatskappy geword.

Elliot Osowitt het baie jare as 'n alkoholiese dwelmverslaafde geleef voordat hy 'n Gideon Bybel in sy hotelkamer gevind het.

Hy het baie gereis saam met 'n maatskappy wat hy "Heiden-toere" genoem het. Die doel van hierdie toere was om enige en elke soort "plesier" te verskaf wat die kliënte kon bekostig. Hy het ook aan die onsedelike dade deelgeneem wat hy aan sy kliënte gebied het.

"Ek is betaal om saam met mense regoor die wêreld dwelms te gebruik en te drink," sê Elliott. "Wat 'n wonderlike werk vir 'n verslaafde! Maar dit het buite beheer geraak."

Hy het op hierdie pad voortgesnel totdat hy homself haweloos bevind het daardie noodlottige dag, in die middel van wat die wonderlikste tyd van die jaar behoort te wees.

Elliott het in 'n motel ingeboek met die bedoeling om homself te skiet en dood te maak. Terwyl hy in die kamer was, het hy 'n oop Gideon Bybel op die televisie gesien. Dit het hom so kwaad gemaak dat hy vir God gevloek en die Bybel van die televisie afgestamp het.

Hy het probeer om dit onder die bed in te skop, maar die bedraam was solied en die Bybel kon nie onder ingaan nie. Dit het oopgeval by Johannes 14:27, wat sê: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek vir julle: nie soos die wêreld gee nie, gee Ek dit aan julle. Laat julle hart nie ontsteld wees nie en moenie bang wees nie."

"Ek was 47 jaar oud en ek het vir die eerste keer in my volwasse lewe gehuil," deel Elliott.

● Blaai na bladsy 2

Genesing vir gebrokenheid

Nina Mhlanga

Koppig, verbitterd, gebroke en kwaad – so beskryf Nina Mhlanga hoe sy in haar jonger dae was.

"Ek het deur baie pyn gegaan as kind en selfs as volwassene," verduidelik Nina, tans 30 jaar oud, aan Challenge News. "As gevolg hiervan het ek regtig wraak wou neem op die mense wat my seergemaak het."

Dit het haar geweldig gepla dat sy nie van hierdie gevoelens kon ontslae raak nie, al het sy op 12-jarige ouderdom 'n Christen geword.

"Ek het in 'n Christelike huis grootgeword. Ons het elke week kerk toe gegaan. Ek het by die koor aangesluit. Ek het so 'n passie vir God gehad dat ek ook by die Skrifbond by die skool aangesluit het."

Tog sê Nina dat sy nooit regtig verstaan het wat dit beteken om haar lewe ten volle aan Christus toe te wy nie.

"Ek het God gedien terwyl ek gebroke was en steeds wraak wou hê. Ek het nooit vrede en blydskap in my hart gehad nie."

Dit was egter hierdie negatiewe gevoelens wat haar aangespoor het om die belofte van Psalm 16:11 na te streef: "In U teenwoordigheid is daar volheid van blydskap."

Sy het haar predikant genader, wat haar gelei het om te bid en haar lewe weer aan God toe te wy.

Dit het alles verander. "Ek het Christus aanvaar toe ek 12 was, maar ek het twee jaar gelede 'n veranderde Christen geword," sê Nina. "Dit was toe ek ontdek het dat ek 'n lewe vol onvergewensgesindheid en gebrokenheid geleef het. Ek het deur Bybelse berading gegaan en dit het regtig my lewe verander.

"Dit het my gehelp om almal te vergewe wat my pyn veroorsaak het."

Sedert haar deurbraak drie jaar gelede, sê Nina dat sy 'n "ware Christen" geword het en "gelukkig en vry lewe".

In werklikheid is een van haar grootste vreugdes om ander te help om dieselfde blydskap te ervaar.

"Daar is vrede en blydskap in Christus wanneer ons vergewe. Ek is nie meer 'n slagoffer van bitterheid nie. Omdat God my hart, verstand en siel genees het, is ek ook nie meer 'n slagoffer van depressie nie. In plaas daarvan het ek oorwinning deur Jesus Christus.

"God is my krag, my redding en my hoop."

Nina, wat nou 'n sendeling is (iemand wat mense vertel van die goeie nuus oor Jesus), besef dat die ontbrekende deel van die legkaart in haar lewe was om te erken dat sy in die eerste plek 'n probleem gehad het.

"Ek het erken dat ek regtig hulp nodig gehad het, want ek was so moeg daarvoor om bitter te wees.

"Die Here het deurgekom vir my. Ek was vir 15 jaar 'n gevangene van onvergewensgesindheid, maar toe ek my oopmaak vir God en die Bybel, het Hy my lewe splinternuut gemaak." ●

VRA DIE REGTE VRAAG

DEUR JOHN HUTCHINSON

TYDENS 'N KERSKONSERT het die Australiese sangeres Delta Goodrem na 'n skare juigende aanhangers uitgeroep, "Glo julle in Kersfees?"

Die reaksie was entoesiasties, maar ek het gesukkel met haar vraag. Wat is Kersfees? Dit lyk asof dit enigiets kan wees wat mense daarvan wil maak.

Die vraag moes eerder gewees het, "Glo jy in Jesus Christus?" Dit is die mees belangrikste vraag. Om te glo dat Jesus Christus die Seun van God is en dat Hy na die wêreld gekom het om ons van ons sondes te red en ons die ewige lewe te gee, is 'n kwessie van lewe en dood. Die regte antwoord kan lewensveranderend wees en ons vir ewig beïnvloed.

Die Bybel sê in Johannes 3:16-19: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het Sy Seun nie in die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is reeds veroordeel, omdat hy nie in die Naam van die eniggebore Seun van God geglo het nie." Jesus het vir sy vriende wat in rou was, gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie." (Johannes 11:25-26). Dit is van uiterste belang om in Jesus te glo, want Hy het gesê, "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." (Johannes 14:6). Hy het ook gesê, "Ek het gekom, sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed." (Johannes 10:10).

As 'n jong mens het ek in Jesus as my Here en Verlosser geglo. Dit was die beste ding wat ek ooit gedoen het.

Die Bybel sê: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word." (Romeine 10:9).

Die regte vraag is, glo jy in Jesus? ●

Vra vir 'Y':

Peter Meadows beantwoord jou vrae oor God.

VRAAG: KAN EK GOD NIE NET VIR MYSELF UITWERK NIE?

KLINK NOGAL MAKLIK, nè? Om 'n bietjie breinkrag en 'n tikkie gesonde verstand te gebruik om uit te werk wie of wat God is, wat Hy doen en wat Hy van ons wil hê?

Maar as dit moontlik was, sou ons nie Kersfees nodig gehad het nie. Goed, ek weet dit klink vreemd, maar hou net 'n oomblik vas. Laat ek jou eers 'n paar redes gee waarom dit altyd sal voel soos om 'n rookwolk teen 'n heuwel op te stoot, om God self te probeer uitwerk.

Eerstens, was jy al ooit by die tandarts vir 'n ondersoek in die hoop dat hulle niks verkeerds sou vind nie – selfs al was daar 'n potensiële ramp onder die emalje? Ek weet ek was – meer geïnteresseerd in my eie selfbelang as om uit te vind wat die waarheid was.

Op dieselfde manier is daar 'n vooroordeel wanneer ons self die "God-vrae" begin vra. Ons probeer ons ontdekkings beperk tot dinge wat binne ons gemaksones pas, volgens ons eie tyd en ons prioriteite. En God mag dalk glad nie so wees nie.

En wat van die beperking op ons kennis? Die mensdom het nog nie eens 'n oplossing vir 'n gewone verkoue gevind nie. So, hoe kan ons moontlik glo dat ons genoeg weet om uit te vind wie die Skepper van alles is?

Meer as dit, is daar ook 'n beperking op ons redenasie-vermoë. 'n Kleuter vra "Hoekom?" en "Hoe?" en "Hoekom?" oor en oor. Die ouer het die antwoorde en sal graag wil antwoord, maar doen dit nie altyd nie, omdat die kind se intellektuele vermoë nog nie ver genoeg strek om alles te begryp nie.

Dit is hoe dit is wanneer ons die God-agenda verken. Ons breinkrag weeg nie op teen die taak nie.

Is ons dan gestrand in hierdie groot heelal sonder enige manier om die Skepper daarvan te ken? Dit is hoe dit sou wees – behalwe vir die gebeurtenis wat ons met Kersfees vier. Want die dikwels sentimentele "baba in 'n krip" dinge, is eintlik die verhaal van God wat die gesprek met ons open, na ons vlak toe kom om ons die antwoorde te gee wat ons nodig het.

Dit is soos wat sou gebeur het as my goudvis ooit moes weet wat ek van hom dink. Ek sou soos hy moes word en sy vissie - wêreld moes betree. En met die gebeurtenis wat ons Kersfees noem, is dit wat God self gedoen het. Hy het na ons wêreld gekom as 'n mens, om ons die antwoorde te gee op ons vrae oor Hom. Daarom is Jesus die moeite werd om na te luister! •

Peter Meadows is die medeskrywer saam met Joseph Steinberg van The Book of Y, die basis vir die agt weke "Y" Kursus wat die grootste vrae van die lewe verken.

Coffee Break

CROSSWORD & SUDOKU

ACROSS

1 Changed business from public to private ownership
8 Athletics venue
9 French city
10 Course component
12 Freckle's place
15 Harp ancester
16 In short supply
18 Fossil preserver, at times
19 Entire quantity
21 Non-deciduous trees

DOWN

2 Regret deeply
3 Capable of survival
4 Freeway fare
5 Variety of pool
6 MS ___
7 Type of warm-blooded animal



11 Long- lasting
13 Compass pointer
14 Crop cutting tool
17 A steep rugged rock
18 Terrific tennis serve
20 Tuna fish container

SOLUTIONS PAGE 7

"I was sure I heard someone knocking on the door."

9	3							4
8	5	2		7				
			3	2	6			
	1							5
2		5				1		3
3							2	
			7	9	8			
				5		9	3	7
5							4	8

Die verhaal van die Fariseër

Neil Shenvi is 'n Christelike apologeet wat 'n navorsingswetenskaplike by die Universiteit van Duke is in die Departement van Chemie. Neil het aan die Universiteit van Princeton studeer, en toe het hy 'n Christen geword terwyl hy in Berkeley, Kalifornië was. Daar het hy sy PhD in teoretiese chemie gedoen. Sy proefskrif het gefokus op kwantumrekenaars.

Hy is getroud met Christina en hulle het vier kinders. Neil verduidelik sy reis: "Ek het in Delaware grootgeword. Ek was lief vir filosofie, en het daarvan gehou om oor filosofie te stry, en bo alles, ek het daarvan gehou om reg te wees. Ek sou myself 'n Christen genoem het, as iemand gevra het, maar ek het gedink dat alle godsdienste in wese dieselfde was.

"Ek het die Bybel gelees toe ek in graad vyf was. Ek het 'n goeie morele lewe gelei. Trouens, ek het my lewe gebou daarop om die regte ding te doen, om 'n deugsame, morele persoon te wees. Gedurende hierdie tyd het ek in God geglo, ek het voor etes en elke aand gebid.

"My gebede het min of meer soos volg gegaan: 'Liewe God, dankie vir alles wat U my gegee het. Ek het baie talente, en ek dank U dat ek besef wat 'n seën hulle is. Ek is oor die algemeen 'n goeie persoon, en alhoewel ek nie perfek is nie, dank ek U dat U my goedheid erken en my liefhet. Here, ek hoop dat U my sondes sal vergewe, wat hulle ook al mag wees. Ek hoop dat ek môre sal probeer om 'n beter persoon te wees. Amen.'

"Ek het ook Lukas 18:9 gelees en geweet dat trots sleg is. Dus sou ek af en toe iets soos 'God, ek weet ek is nie so goed soos ek kan wees nie. Ek weet ek kyk neer op ander mense omdat ek beter is as hulle, maar ek behoort dit nie te doen nie.'

"Maar in my hart het ek in wese gesê: 'God, ek weet dit is hoe ek veronderstel is om te bid, met nederigheid en al daardie dinge, maar tussen U en my weet ons albei dat ek basies 'n goeie persoon is. En bo dit alles is ek baie nederig.'

"In my senior jaar van universiteit het ek Christina ontmoet en verlief geraak op haar.

"Ek het haar geloof beide as interessant en ongerieflik gevind. Om my bereidwilligheid om buigbaar te wees te wys, het ek besluit om kerk toe te gaan saam met haar. Dit was die laaste spyker in die kis.

"By ons kerk in Berkeley het ek die Evangelie vir die eerste keer gehoor: Jesus red. As ek terugdink dan is een van die dinge wat ek teen Christenskap gehou het, dat Christenskap nie deur bedagsame, intelligente mense onderhou kon word nie, ten minste nie mense so bedagsaam en intelligent soos ekself nie. Maar by hierdie kerk het my ontsnappingsroete doodgeloop.

"Ons predikant het 'n PhD aan Oxford universiteit behaal. My kwantumfisika professor het in die koor gesing. Hier was mense ongetwyfeld my intellektuele meerderes wat geglo het dat Jesus die Here is, en vir hulle sondes gesterf het. En skielik was ek gedwing om die boodskap van Christenskap op sy eie meriete te oorweeg. Ek het nie daarvan gehou nie.

"Ek kan die aand onthou toe die aansprake van Christenskap uiteindelik ingesink het. Vir die eerste keer het ek oorweeg wat die gevolge sou wees as Christenskap wel waar is – histories, objektief waar. Wat as God die God van die Bybel is? Wat as Jesus is wie Hy gesê het Hy is?

"Ek het geweet dat die woord 'evangelie' Grieks was vir 'goeie nuus', maar ek onthou dat ek gehuil het en vir Christina gesê het dat dit die verskriklikste nuus was wat ek ooit gehoor het.

"Wat van al die mense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie? Wat van mense wat gesterf het voordat Jesus gebore is? Wat van vroom volgelinge van ander godsdienste?

Neil Shenvi. Foto: Facebook/Neil Shenvi – Apologetics.

"Maar vir een keer het ek uiteindelik opgehou om te twyfel of Christenskap waar is ten spyte van al my vrae. En ek dink ek het iets gebid soos: 'God, as dit waar is, sê dit vir my, en ek sal glo.'

"Ek het natuurlik nie dadelik antwoorde op my vrae gekry nie. Ek worstel steeds met baie van daardie vrae. Maar ek dink dit was die punt toe ek besluit het om my vertroue in God te stel, en oor baie daaropvolgende maande het Hy my na Jesus gelei. Jesus sê vir ons: niemand van julle kan sy eie verlosser wees nie. Julle is almal sondaars. Julle ly almal, julle sterf almal van binne.

"Die evangelie was vuur en water vir my. Dit het deur al my powere pogings gesien om myself te regverdig.

"Deur die Bybel heen is Jesus se boodskap dat God ons liefhet, nie omdat ons goed is nie, maar omdat Hy goed is. Jesus het nie gekom om die regverdiges te red nie, maar sondaars. Hy gee ons die uitspraak wat ons almal smag om te hoor: dat ons geliefd is, dat ons lewens iets werd is; soveel werd, in werklikheid, dat God die skat van Sy hart gegee het om ons te red. Dit wat ons nie kon verdien nie, ondanks ons beste pogings. God gee dit vryelik.

"Om Jesus te ken het 'n groot verskil in my lewe gemaak. Nou kan ek God uit liefde en dankbaarheid gehoorsaam, nie uit vrees vir straf of begeerte vir beloning nie.

"Ek hoop om die res van my lewe te leer om geheel en al op God se genade te vertrou." •

Dit is 'n verkorte artikel; die volledige artikel kan gevind word by jamesbishopblog.com

'n Kersfees om te onthou

● Vanaf bladsy 1

Sy pa het dit in hom ingeslaan dat "mans nie huil nie", maar hy weet nou dat mans wat nie huil nie, ontplof.

Elliott het die Bybel toegemaak en Polly gebel om afskeid te neem.

Polly het hom gevra om ten minste haar pastoor te bel, wat hy toe gedoen het. Al was dit Oukersaand, het hierdie pastoor gekom en tyd saam met Elliott spandeer. Hy het die volgende drie dae in die motel deurgebring en die Gideon Bybel gelees. Op Sondag het hy saam met sy vrou kerk toe gegaan waar hy gekniel en Jesus gevra het om hom te vergewe, hom van sy verslawings vry te maak en hom te help om reg te leef.

"Die oomblik toe ek Hom gevra het, het Hy my vergewe," sê Elliott verwonderd. "My sondes is so ver as die Ooste van die Weste weggewerp. Hulle is in die diepste deel van die oseaan gegooi."

Die God waaraan Elliott sy lewe oorgegee het tydens Kersfees 1996, was glad nie soos hy gedink het God sou wees nie.

"Vir my was God 'n donker man met baie reëls, daar iewers in die buitenste ruimte," het hy in 'n toespraak op Livestream in 2013 onthul.

Elliott het in Los Angeles, Kalifornië grootgeword in 'n streng Joodse huis. Hy het geen werklike kennis van Jesus Christus gehad nie en hy was nie eers toegelaat om Sy naam te noem nie.

Sy pa was 'n "baie streng vader", een met wie hy geen verhouding gehad het nie. Op 17 het Elliott die geweld by die huis ontsnap vir 'n ander soort geweld in Viëtnam. Deur die loop van drie jaar het die weermag Elliott van 'n nie-drinkende, nie-rookende goeie seun verander in 'n dwelmverslaafde, alkoholiese vrouejagter. Sy huwelik – en selfs Polly se siekte – het niks aan hom verander nie. Hy het op die pad wat 'n gewelddadige en ontydige einde kon gewees het afgestorm. As dit nie vir Polly se optrede daardie aand voor Kersfees was nie, sou hy dalk homself doodgemaak het. Maar, soos hy uitgevind het nadat hy sy lewe aan Christus gegee het – "God vergewe onvoorwaardelik – vrouens is 'n ander storie," sê hy grappig.

Na sy bekering het Elliott 'n rukkie by sy sterwende ma gebly en kontak gemaak met 'n organisasie genaamd "Jode vir Jesus", wat hom gehelp het om meer te leer oor hoe sy nuwe geloof versoenbaar was met die wortels van sy Joodse agtergrond. Na sy ma se begrafnis het Elliott na sy huis teruggekeer en hy en Polly het aan hul huwelik gewerk.

Hy het toe 'n werk by 'n Christelike toermaatskappy gekry, wat hom in kontak gebring het met ander Christene wat hy met sy verhaal kon bemoedig.

Polly het heeltemal van kanker herstel en het twee werke volgehou sodat Elliott Bybelskool kon voltooi. Elliott het in die jaar 2000 'n pastoor geword. Vandag is albei sy dogters gelukkig getroud en sy kleinkinders is al mooi groot. "My gesin is die bewys dat God selfs vandag nog wonderwerke doen!" sê Elliott met 'n breë glimlag. •

'n Asemrowende uitsig!

'n Formule vir die lewe

DEUR JOHN HUTCHINSON

DIE LEWE VERG bietjie nadenke. Ons dae snel verby en hulle kan nie weer geleef word nie. Baie mense begin natuurlik met 'n agterstand. Ek onthou 'n 14-jarige, sopas uit 'n aanhoudingsentrum, wat saam met my kom werk het. Ons het 'n skaapdompel skoongemaak – ongelukkig nie my gunsteling werk nie. Ek het emmers vol vuil modder opgegee toe ek hom hoor mompel, "Weet jy wat my probleem is?" Ek het gevra, "Wat is jou probleem?" Hy het gesê, "Ek het niks om voor te lewe nie. Ek is dood verveeld en as daar 'n pil was wat my lewe sou beëindig, sou ek dit neem." Dit is nie hoe dit behoort te wees nie!

Daar is soveel om voor te lewe, selfs in moeilike omstandighede. Een keer in 'n winkel het ek die woorde op 'n plakkaat gesien: "Leef eenvoudig. Lag dikwels. Hê vrygewig lief." Dit is goed, maar ons moet dieper dink. Laat ek 'n formule deel wat ons sal verryk met betekenis en ons help in ons dag-tot-dag ervaring van die lewe:

Leef in ontsag

Wees 'n "wow-persoon." Verwonder jou aan wonders. Mediteer oor die skouspelagtige. Dink aan die merkwaardige. Dit bring emosionle vernuwing. Wees soos die digter Roger McKnight wat in sy gedig Some Chordal Notes geskryf het: "In ontsag vir alles, sing ek en verwonder my meer." Wonders is oral en smeek ons om verstom te staan. Vir my is die akkuraatheid van 'n sonsopkoms asemrowend. Soms as die daglig verskyn, sê ek, "23 uur, 56 minute en vier sekondes." Hoe wonderlik – elke 23 uur, 56 minute en vier sekondes, draai hierdie enorme massa materie soos 'n reuse tol teen 160 km/h, so presies dat dit in duisendstes van 'n sekonde gemeet word! Wat van sy wentelbaan om die son? In 'n jaar reis die aarde 940 miljoen km in 365,24 dae. Wat van die lug wat ons inasem? Dit is net die regte hoeveelheid suurstof en ander elemente – en met 'n dun laag osoon wat ons beskerm teen skadelike strale. Wat van die aarde se terrein – sy berge en vlaktes, fjorde en gletsers, riviere, oseane en mere? Hoe meer ons reis, hoe meer besef ons ons woon op 'n skouspelagtige planeet.

Ek luister baie na die voëls. Ek hou van die note van die "Wattle Jacks", die sagte gefluit van die "Lyster" en die lag van die "Kookaburra".

Watter skoonheid sien ons in die blomme en plante – die wonder van bye en die smaak van heuning! Wat van die oseane en eilande en al die menigte visse en seediere. Ons leef in 'n wêreld van wonderwerke en wonders. Terwyl ons ons kan verwonder aan al hierdie skouspelagtige dinge, moet ons besef dat dit voorheen nie daar was nie. Wetenskap en die Bybel vertel ons dat dit op 'n tyd nie bestaan het nie. Vandag is dit hier! Die Bybel sê in Prediker 5:7, "Daarom, staan in ontsag vir God."

Leef in waardering

Dankbare mense is gelukkige mense. Dit kan moeilik wees wanneer dinge teen ons is, maar soek iets om voor dankbaar te wees.

Dank God vir die gawe van die lewe. Ek dank Hom baie vir my oë. Om te kan sien is 'n wonderbaarlike vermoë. Ek het naby 'n seun grootgeword wat met min sig gebore is wat geleidelik verdwyn het. Dit het my my visie laat waardeer. Maar hy was altyd vrolik en gelukkig, en dankbaar vir die pragtige hond wat hom gelei het waarheen hy oral wou gaan. Hy het selfs oorsee gereis met die hulp van sy labrador. Die Bybel sê in Psalm 92:1, "Dit is goed om die Here te loof." Ja, dit is baie goed en ook om ander te bedank vir alles wat hulle vir ons doen en beteken. Miskien is die beste manier om dankbaarheid te betoon, om te deel en te gee. Soos Jesus eens gesê het: "Dit is beter om te gee as om te ontvang." (Handelinge 20:35) Die Bybel sê in 2 Korintiërs 9:15: "Dank God vir Sy onuitspreeklike gawes!" Ons dank God ook vir Jesus ons Verlosser – God se grootste gawe aan die wêreld.

Leef in afwagting

Om na goeie dinge uit te sien, gee vir mens energie. Dit kan 'n vakansie wees, 'n spesiale viering, die geboorte van 'n baba, die sokker eindstryd, 'n besoek van vriende of selfs om uit die hospitaal te kom.

Verwag goeie dinge in elke dag. Wees optimisties oor wat kan gebeur. Wees afwagtend! Afwagting benodig egter uitbreidings. Die Bybel sê in 1 Korintiërs 15:19, "As ons net vir hierdie lewe hoop in Christus het, is ons die ellendigste van alle mense." Ek het begrafnisse bygewoon wat teleurgestel het. Hulle verwys na 'n lewe wat geleef is en wat bereik is sonder 'n sweempie van hoop. Een dag het 'n 98-jarige, net een dag voor hy gesterf het, uitbundig die lied "Hoe Groot is U" gesing. Watter wonderlike woorde van afwagting het hy in die laaste vers gesing:

"Wanneer Christus kom, met jubelroep, en my huis toe neem, wat 'n vreugde sal my hart vul. Dan sal ek buig, in nederige aanbidding, en dan verkondig: 'My God, hoe groot is U!'"

Die Bybel sê in 1 Korintiërs 2:9: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het en in die hart van geen mens opgekom het nie, dit het God voorberei vir die wat Hom liefhet." Jesus het die dood oorwin en deur Sy opstanding kan Hy gelowiges die versekering van die ewige lewe na die dood gee. Om afwagting by ontsag en waardering te voeg, is 'n wonderlike manier om te lewe. •

VERLOS VAN VREES

Gené Joubert

Gené Joubert het haar hele lewe lank God se stem gehoor.

Sy is gebore en het groot geword in Ladysmith, KwaZulu-Natal. Sy het saam met haar gesin kerk toe gegaan en die Bybel gelees, maar sy het God gesien as 'n kwaai man wat wag dat sy 'n fout maak en iets slegs doen.

"Ek het van God geweet, maar ek het Hom nooit geken nie," onthou sy.

"Ek het net Sy reëls gevolg en Hom nie as liefdevol gesien nie. Hy was altyd vêr en ek het net na Hom gegaan as ek iets nodig gehad het."

Gené beskryf haarself op daardie tydstip as baie wetties.

Sy het die Bybel as 'n reëlboek gevolg, mense geoordeel en het nie die liefde van God ten volle verstaan nie.

Ten spyte van haar poging om God se reëls te volg, sê sy dat sy baie gesukkel het met seksuele onsedelikheid, onvergewensgesindheid, trots en jaloesie.

"Ek het altyd geweet ek wou 'n meer intieme verhouding met God hê," deel sy. Toe nooi 'n vriend van Gené haar in 2021 na 'n nuwe kerk.

"Hulle het my daar meer vertel oor intimiteit met God, om Hom te sien as 'n Vader wat liefdevol en sorgsaam is, en nie kwaad nie."

Dit was toe, het Gené gesê, dat sy haar lewe ten volle aan God oorgegee het, sy vergifnis ontvang, en verstaan het dat Jesus se offer aan die kruis haar van sonde skoon gewas het.

"Ek het ervaar hoe 'n werklike verhouding met Hom is. Hy het gekom en my ontmoet. Hy het my van erge angs en ellende bevry, en Hy het my aangeneem.

"Die oomblik toe ek besef het ek wil myself ten volle aan die Here oorgee, was toe ek Sy teenwoordigheid op 'n tasbare manier gevoel het. Toe die mense in die kerk vir my gebid het om van my angs bevry te word, het ek letterlik gevoel hoe die angstigheid my verlaat en God was daar om my vas te hou."

Sedert sy haar lewe aan God oorgegee het, sê Gené dat sy nou Sy seëninge, liefde en genade (God se onverdiende guns) baie meer sien en ervaar as voorheen.

"Ek streef daarna om Hom meer te behaag, omdat ek weet Hy het my gered uit die donker put van ellende waarin ek vasgevang was, en ek glo dat dit wat Hy vir my het, soveel meer is as wat ek ooit kon dink.

"Ek het begin om God meer te vertrou, wetende dat Hy die situasie sal hanteer en dat ek nie self dinge moet probeer uitwerk nie. Hy het vir my 'n gemeenskap en mense gegee wat my liefhet.

"My perspektief oor hoe die wêreld werk, het verander. Ek het altyd geglo jy moet die uitgelegde plan wat die samelewing jou gee volg, maar God het 'n unieke pad vir almal, en dit is opwindend." Gené sê die beste ding van 'n Christen wees is die gevoel van sekuriteit en hoop wat haar deur alles dra.

"Met die gemeenskap wat God my gegee het, word ek gereeld herinner aan hoe goed Hy is, en dat ons nie gemaak is om in isolasie te lewe nie – in elke probleem wat ek in die gesig staar, is ek nooit alleen nie," getuig sy.

Haar gunsteling Bybelverse is Johannes 1:5: "Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie" en Psalm 25:5: "Lei my in U waarheid en leer my, want U is my God en my Verlosser, my hoop is die hele dag op U." •

'n Nuwe lewe sonder berou

As 'n jong man was Ayoro B. Dominique (bekend as Dominique) 'n groot drinker, 'n leuenaar, vol woede en 'n afgodedienaar. Waar hy in Burkina Faso grootgeword het, was dit hulle tradisie om riviere, berge, klippe of enige iets anders te aanbid, vertel hy aan Challenge News.

In die laerskool het Dominique die eerste keer van Jesus gehoor toe hy 'n stukkie papier gevind het waarop iemand geskryf het: "Jesus kom baie gou." Hy het gewonder wie hierdie Jesus is.

In 1991, toe hy 17 jaar oud was, het hy begin om kerk toe te gaan, maar dit was eers die volgende jaar, op 14 Maart 1992, dat Dominique tot God gebid het en Hom gevra het om sy sondes te vergewe en sy lewe te regeer. Dit is toe dat Jesus sy Verlosser en Here geword het.

Hy sê: "Ek dien nie meer afgode nie. My lewe het heeltemal verander. Nou is ek 'n dienskneg van God."

Sy ouers was egter nie tevrede met hul seun se besluit nie en Dominique is deur hulle verwerp en uit die huis gejaag. Sy vriende het hom verlaat en hy moes nuwe mense vind om familie te noem.

Sewe-en-twintig jaar na daardie besluit het Dominique egter geen berou nie, en moedig ander aan: "Jesus Christus is die weg, die lewe en die waarheid. Hy is die Verlosser van alle mense. As jy jou hart oopmaak, sal Hy in jou hart inkom."

Hy haal Johannes 3:16 uit die Bybel aan as een van sy gunsteling Bybelverse: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Dominique is nou 'n predikant en getroud. •

Ayoro B. Dominique

GENADE ONBESKRYFLIK GROOT

DEUR GERRIT ROUX

Ek het groot geword op 'n plaas in die Bothaville-distrik waar my pa geboer het. My ouers het die Here gedien en geëer. Hulle het die Here aan my bekend gestel. Die Bybel en voorbeeld van my ouers was deel van my, my broer en suster se lewe. Die fondasie van 'n Christelike lewe was deeglik gelê. Ons het gereeld AEB (Afrika Evangeliese Bond) konferensies bygewoon. 'n Groot waarheid wat ek later in my lewe geleer het was: as jou pa en ma Christene is, maak dit nie van jou 'n Christen nie. Ek was 'n goeie en voorbeeldige seun (amper 'n fariseër) wat my Bybel gelees en elke oggend gebid het, nie gevloek, gesteel en verkeerde dinge gedoen het nie. Ek het my ouers gehoorsaam en geëer. Op 'n stadium in die hoërskool het ek selfs my hart vir die Here gegee en was voorsitter van die kerkjeugaksie by die skool.

Na skool het ek met my diensplig in die Weermag begin. Die eerste jaar van opleiding het goed gegaan, ons was verplig om stiltetyd te hou en daar was tyd daarvoor gegee. Daarna was ek vir 'n jaar op die grens, en dis hier waar dinge verkeerd begin loop het. Die gewoonte om my Bybel te lees en te bid het vervaag want daar was nie tyd nie. As die skote om ons klap, het ek sommer oop oë gebid. Dit was al wanneer ek ernstig gebid het. Die skoot klap twee keer langs jou as dit die loop verlaat, maar wanneer die gevaar verby en ons terug in die basis was, het alles weer op die ou manier voortgegaan. Ek het gerook, begin drink en gevloek, want wat is 'n korporaal wat nie behoorlik kan skree en skel nie? Ek glo dat dit net deur God se genade en gebede van my mense by die huis was dat ek na my grensdiens veilig terug huis toe gekom het.

Ek het begin werk as trekker-vakleerling. Terug in my ouerhuis het ek die drank gelos maar aangehou om skelm te rook. Nadat ek gekwalifiseer het, het ek saam met my pa en broer begin boer en is ek getroud. Na 'n paar jaar het ek op my eie begin boer en dit was my visie om voor 30 'n stewige bankbalans te hê. Harde werk en 'n goeie bankbalans kon nie die leegheid binnein my vul nie.

Op Sondag, 29 Mei 1994, was ek en Elza reeds 6 jaar getroud en het 2 dogtertjies, oudste 2 jaar en jongste 5 maande, gehad toe die ongeluk gebeur het. Ek het in my bakkie langs die teerpad gesit om 'n brand te monitor toe 2 motors in die digte rook met mekaar gebots het en die een motor op my bakkie se kajuit geval het. Die dokters het nie veel hoop vir my gehad nie omdat my breintelling minder as die helfte was. Ek het 'n grysstof-hoofbesering aan my regterkant gehad. Ek onthou niks van die ongeluk self nie, want as gevolg van die slag was ek bewusteloos. Ek was vir 'n week in 'n diep koma en nadat ek wakker geword het, het ek aan geheueverlies gely wat maande geneem het om te herstel. Terwyl ek in 'n koma was, het ek die volgende ervaar: Ek was 'n boom in God se tuin. Ek was oorweldig en dit het gevoel of ek in die hoof se kantoor was oor een of ander oortreding. Ek het tot op daardie oomblik geweet dat ek nie gereed was om my God te ontmoet nie (Amos 4:12b). Ek hoor die Man met die "stok" sê: "Hierdie boom het nog nooit vrugte gedra nie, kap hom uit en gooi hom weg, want Hy maak die grond onvrugbaar." Dit was nag vir my, geen hoop en sonder Vader! Die Tuinier antwoord en sê dat hy die grond sal los maak, mis en water sal gee en as dit volgende jaar nog nie vrugte gee nie, dan sal hy die boom uitkap. Ek het wakker geword uit die koma en 'n ruk daarna het ek dit vir my vrou en my ma vertel - min wetende dat dit so in Luk 13:6-9 staan, behalwe die "stok" deel.

Gerrit en Elza Roux

Die maande daarna was 'n moeilike stryd – kwaad omdat God nie gekeer het dat die motor net 'n entjie vorentoe of agter toe op my bakkie geval het nie, maar op die kajuit waar ek gesit het. Tog was ek ook baie soekend na God, alhoewel ek nie kon verstaan dat 'n God van liefde dit toegelaat het dat ek lewe en drie ander mense dood is nie.

My skoonpa en -ma was vroeër jare AEB-werkers totdat hy sy pa op die plaas moes gaan help, en het geboer tot en met hulle aftrede. Hulle het na die ongeluk vir 'n tyd lank by ons kom bly omdat ek dubbelvisie gehad het en as gevolg daarvan ook nie kon bestuur nie en in daardie tyd het ons baie gesprekke oor die Here gehad. Na 2 maande is hulle terug Lichtenburg toe.

> **"As jou pa en ma Christene is, maak dit nie van jou 'n Christen nie."**

Ongeveer 3 jaar na die ongeluk was ek nog steeds op soek na antwoorde, dit was moeilike jare omdat ek nog geen vrede met God gehad het nie. Die pad wat ek geloop het nadat die Here in Sy groot genade my lewe gespaar het, was 'n lang en moeilike pad vir my en Elza. Daar was baie uitdagings wat ek moes trotseer en het selfs oorweeg om 'n einde aan alles te maak. Ek het bv. geweet daar moet geplant word maar nie geweet hoe om dit te doen nie. Tog was God getrou en het my pa 'n ding net een keer vir my gewys en kon ek verder aangaan. Die herstelproses was lank en stadig en dit het my geweldig frustreer. My woedebuie het almal om my se lewens versuur.

My skoonouers het intussen na Bothaville verhuis. Ek het daarvan gehou om by hulle te gaan kuier, dit het my rustig gemaak want hulle het die geur van Jesus versprei (1 Kor. 2:14) en dit het my aangegryp.

Een Sondagmiddag het ons weer in hulle sitkamer 'n gesprek gehad in my soeke na vrede en het pa Frans vir my gevra: "Gerrit, as jy gesterf het, waar sou jy gewees het?" Dit het my soos 'n vuishou getref - jy vra nie sulke vrae vir enige mens nie! Ek het geweet wat die antwoord was, want die Heilige Gees, Wie al so lank by my gepleit het, het my oortuig van my sonde en dat ek verlore is. Sonder om te antwoord het ek onmiddellik opgestaan en by my stoel gekniel, gebid en gedoen soos dit in Joh. 1:12 staan - Jesus as my Verlosser aangeneem, ek het opgestaan en geweet dat Rom. 8 : 14 – 16 waar geword het in my lewe. Loof die Here, Hy is my Vader en ek is Sy seun! Ek was 'n nuwe skepsel, nie reggemaak nie, maar NUUT gemaak 2 Kor. 5:17. Ek het anders begin dink oor die lewe en dit is nou vir my belangrik dat mense aan die Here bekend gestel moet word. Die lesse wat die Here vir my na my bekering geleer het, was van onskatbare waarde en het ek waarlik gegroei in genade.

'n Tyd na my bekering het ek agtergekom iets is fout, want ek word nog kwaad en sê en doen dinge wat nie reg is nie, dan moes ek weer op my spore teruggaan en verskoning gaan vra vir my gedrag. Ek het weer met my skoonpa en ma gepraat en kon ek die Here vertrou vir 'n rein hart gevul met die Heilige Gees in 'n algehele oorgawe aan Hom.

Vandag weet ek om nie op my eie krag staat te maak nie, maar my geloof en vertroue in die Here te stel, gehoorsaam te wees aan Sy Woord en wanneer ek gestruikel het, dit te erken, te bely en te laat staan. My oggend stiltetyd is vir my absoluut belangrik en daarsonder kan ek nie my dag begin nie. Dit is dan wanneer ek al my bekommernisse op Hom kan werp, want Hy sorg vir my. Ek moet ook waak en bid en nugter wees, want die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind (1 Pet 5:7-9). Mat 11:28-30 leer my om na Hom te gaan, dit is waar ek rus en vrede vind. Daar is nog 'n groot stuk land om in te neem en meer en meer verander te word na Sy Beeld.

Jesus lewe en dit is die Lewe! •

Hoop in die Donker

Vir lank het Patricia Londo die wêreld as swart of wit, sleg of goed beskou. Daar was niks tussen in nie.

"Ongelukkig vir my, was my kinderdae swart," vertel Patricia (28), vir *Challenge News*.

Patricia se kinderdae was in donkerte gehul vandat sy agt jaar oud was, toe haar ouers, vir wie sy baie lief was, geskei het.

Om by te dra tot die verwarring van hierdie moeilike periode, was die feit dat haar pa 'n pastoor was, en haar ma 'n toegewyde Christen.

"Ek kon nie verstaan hoekom God hulle kon toelaat om te skei nie," deel Patricia (of Tricia, soos sy verkies om genoem te word) "Ek wou so graag by my pa bly, maar God het toegelaat dat 'n pragtige gesin uitmekaar skeur.

"Maar deur alles het ek my ma elke dag sien bid, Bybel lees, en haar liefde aan Hom bely. Alhoewel ons alles verloor het, het haar liefde vir God nooit verander nie. Sy het God liefgehad met haar hele hart."

> **"Ek het soveel vrede en vreugde ervaar."**

Maar dit was nie die geval vir die jong Tricia nie.

"Ek het God verlaat toe hulle geskei is. Ek het Hom vir hulle foute blameer."

Na die egskeiding het Tricia se ma elke dag uitgegaan om te werk, en Tricia gelos om haar broer en suster te versorg.

"Op 'n teer ouderdom het ek my kinderdae by die venster uit gegooi en my ma se skoene vol gestaan om vir my broer en suster te sorg," onthou sy. Haar wêreld het nog meer verdonker in 2012 toe haar ma met derde graadse servikale kanker gediagnoseer was.

"Dit het alles nog moeiliker en meer skrikwekkend gemaak, veral omdat sy al was wat ons gehad het,"sê Tricia. "Maar selfs dit het haar liefde vir God nie verander nie." Ongelukkig, het Patricia se woede teenoor God ook nie verander nie. "Ek het van kerk na kerk gegaan om drie vrae aan Hom te stel – hoekom haat Jy ons so baie , hoekom laat Jy egskeiding toe en hoekom wys Jy Jouself nie wanneer mense Jou aanroep nie?"

"Vanaf 2006, toe my Pa ons verlaat het, tot 2015 het ek na God gesoek. Ek het soveel bitterheid, woede, pyn en vrees daagliks in my hart saamgedra.

Ek het die lewe van 'n slagoffer geleef.

Ek het gevoel asof die hele wêreld teen my is, en wat ek ookal doen, was net nie goed genoeg nie.

Patricia Londo

Ek het so ongeliefd gevoel en dit was alles God se skuld" Die eerste deurbraak was in 2015, toe Patricia 'n uitnodiging van 'n vriendin aanvaar, om hulle kerk by te woon.

"Ek het by die deur gestaan toe ek 'n warmte gevoel het. Ek kan dit steeds nie verduidelik nie, maar ek het onmiddelik op my knieë geval. Ek het begin huil, en ek het bely hoeveel ek Hom lief het."

"Van daardie dag het ek besef dat iets in my verander het. My skuld het weggegaan. Ek het soveel vrede en vreugde ervaar. Ek het weer jonk gevoel, en ek het geliefd gevoel."

"Al het my biologiese vader nooit terug gekom nie, het ek anders gevoel. Van daardie dag af het ek in my ma se gebede gedeel."

Hierdie ontmoeting het nege jaar gelede plaasgevind. Vandag is Patricia getroud en sy is die pastoor van 'n kerk. Met die ervaring van haar pynlike verlede verkondig Patricia 'n boodskap van hoop gedurende donker tye.

"In die plek waar jy alles verloor het, is God alles."

"Die liefde van Jesus is besonders – dit bedek alles. Dit oorskadu die liefde van ouers.

Sy liefde is vir altyd. Hy is altyd met jou want Hy sê Hy sal ons nooit verlaat nie"

"Die liefde van Jesus kyk nie na jou swakhede of jou sterk punte nie. Hy het ons, net soos ons is lief, met al ons sonde en tekortkominge."

Op 'n veel ligter noot, sê Patricia dat haar ma wonderbaarlik van kanker genees is. Haar pa, wie verlede jaar oorlede is, het weer van vooraf sy lewe aan God toegewy en haar hele gesin het hulle na die Here gekeer. •

As u deur hierdie koerant geseën word, oorweeg dit asseblief om by hierdie bediening betrokke te raak deur:
a) Vertel ons wat hierdie koerant vir u beteken het.
b) Stuur vir ons u getuienis van verlossing. Stuur 'n epos na sachallengenews@gmail.com vir meer inligting.
c) Oorweeg dit asseblief om hierdie koerant te borg en te versprei om ander te bereik.
Stuur asseblief 'n e-pos na: sachallengenews@gmail.com of besoek www.challenge.news/donate/

Nie meer 'n slagoffer nie

Die 20-jarige Suid-Afrikaner Zander Hoffman het gesukkel deur sy kinderjare. Hy was genadeloos geboelie omdat hy maer en swak was. Die bespotting en beledigings het hom diep seergemaak.

Hy het altyd soos 'n buitestaander gevoel, onwaardig en op neergesien. Daardie gevoelens van verwerping het hom geskaad en hom in sy tienerjare agtervolg.

Zander Hoffman

"My kinderjare was moeilik," vertel hy aan die Challenge koerant. "Ek het nie geweet wie om vir hulp te vra nie.

"Ek het baie jaloers geword op mense wat dinge gehad het wat ek wou hê, maar nie kon besit nie."

Sy emosionele struwelinge, die keuses wat hy gemaak het om te jok en die onvergewensgesindheid wat hy gekoester het, het bygedra tot skuldgevoelens wat hom oorweldig het. Hy het onthou hoe sy ouers hom van Jesus Christus vertel het toe hy nog 'n seuntjie was.

"My ouers het my geleer dat Jesus aan die kruis gesterf het om vir almal se sondes te betaal, elke geslag se sondes. Ek wou God se klein soldaatjie wees wat Hy kon gebruik om ander te help. Maar toe ek ouer geword het en geboelie is, het ek gewonder of Hy werklik bestaan."

Tog het Zander steeds kerk bygewoon en uiteindelik, ses jaar gelede, sy lewe aan Christus oorgegee tydens 'n diens. Vandag dra hy die gerusstellende wete dat hy nooit alleen is nie. "Maak nie saak hoe ek voel nie, ek weet Jesus is altyd daar, Hy luister altyd na my en ondersteun my.

"Ek glo Hy het my uitdagings in die lewe gegee om my te help - om my te leer en te verander om 'n beter person te wees – vriend en Christen.

"Die beste deel van om 'n Christen te wees, is om te weet dat daar ten minste een Persoon is wat jou liefhet, maak nie saak wat jy is of wat jy gedoen het nie.

"Die moeilikste deel is om God te vertrou deur die donker tye, maar ek weet Hy was by my in my donkerste tye en het my hoop en krag gegee, al was alles teen my. "Ek wil sê dat God altyd naby aan jou sal bly." •

HOE WORD EK 'N CHRISTEN?

Enige iemand kan die ewige lewe wat deur Jesus Christus aangebied word, ontvang. Ons lees in God se Woord: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16)

ONS PROBLEEM: **Skeiding van God.**
"Almal het gesondig. Niemand is goed genoeg nie omdat God se standaarde volmaak is" (Romeine 3:23)
Erken

GOD SE OPLOSSING: **Jesus het aan die kruis gesterf.**
"God bewys Sy liefde vir ons hierin: terwyl ons nog sondaars was, het Christus vir ons gesterf" (Romeine 5:8))
Glo

ONS REAKSIE: **Vertrou op Jesus deur Sy genade en vergifnis te ontvang.**
"Aan almal wat Hom ontvang het, aan dié wat in Sy Naam geglo het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word" (Johannes 1:12)
Bely

Hier is 'n voorbeeld van hoe jy kan bid:

Liewe Vader in die Hemel. Ek kom nou na U omdat ek gered wil word. Vergewe asseblief my sondes. Ek glo dat U U Seun Jesus Christus gestuur het om vir my te sterf en dat U Hom uit die dood opgewek het. Ek vra nou dat Jesus Christus in my lewe inkom as my Verlosser en Here. Neem beheer van my lewe. Maak asseblief van my die persoon wat U my geskape het om te wees. In Jesus Christus se Naam. Amen.

Die Here Jesus sê: "Ek verseker julle, elkeen wat in My glo, het die ewige lewe" (Johannes 6:47). *Hy gee 'n lewe van 'n wonderlike gehalte wat vir ewig voortduur.*

Wat nou?

1. Vertel iemand van jou besluit - óf 'n Christen wat jy ken, of e-pos ons by info@challengenews.org.
2. Gebruik die hulpbronne in die groen blokkie op hierdie bladsy om 'n Bybel elektronies af te laai, en om toegang te kry tot meer inligting oor Christenskap..
3. Hou aan om te bid. Praat met God in enige plek, oor enige iets. Hy luister altyd. Jy het nie 'n formule nodig nie.
4. Kontak die bediening wat hierdie koerant versprei het (sien agterblad) en/of skakel in by 'n gemeente wat die Woord van God suiwer verkondig.

AS 'N VOLGENDE STAP:

Ek het die gebed [hierbo] gebid ☐

Stuur asseblief vir my:
- ☐ 'n Bybel
- ☐ Leesstof wat my sal help om met my verhouding met Jesus groei.
- ☐ Inligting oor 'n behulpsame kerk.

** Merk asseblief en skryf duidelik **

Naam _____ Telefoon nommer _____

Adres _____

Epos adres _____

Epos aan:
***sachallengenews@gmail.com* OF**
christabritz@challnews.onmicrosoft.com

Navrae buite Suid-Afrika word na iemand in hul eie land verwys.

NOOIT WEER DIESELFDE NIE

DEUR FAY FOSTER

VOORRAAD FOTO

DIT HET BEGIN as net nog 'n gewone nag by die werk vir die skaapwagters rondom Betlehem.

Om skape op te pas was 'n 24-uur per dag werk, so die skaapwagters het buite saam met hulle skape gebly. Hulle het "krale" gemaak of gevind om die skape snags in te hou. 'n Kraal kon 'n grot wees, 'n sirkel van klippe met 'n paar takke of dorings as dak, of 'n basiese skuur.

Elke dag het die skaapwagters hul troppe uit die kraal gelei om weiding te vind, en dan, snags, nadat al die skape weer in die kraal getel is, het hulle by die ingang gaan lê om hul trop te beskerm. Diewe, wolwe, leeus en bere was konstante gevare. Dit is baie waarskynlik dat die skaapwagters beurte gemaak het om te slaap.

Skaapwagtery is as 'n ongeskoolde werk beskou, en skaapwagters was op die laagste vlakke van die samelewing. Hoe wonderlik is hierdie verhaal uit Lukas hoofstuk 2, verse 8-14, van die nag toe Jesus gebore is:

"En daar was herders in dieselfde landstreek wat in die oop veld gebly het en in die nag oor hul skape wag gehou het. En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn, en hulle was baie bang. Toe sê die engel vir hulle: 'Moenie vrees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Want vandag is daar vir julle in die stad van Dawid gebore die Saligmaker wat Christus, die Here, is. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.'

"En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God loof en sê: 'Eer aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!'"

Soms doen God dinge stilweg. Maar op hierdie geleentheid, hierdie heilige nag, het Hy die geboorte van sy Seun Jesus aangekondig met 'n lug vol engele, met sang, lig en profesieë.

Die tweede hoofstuk van Lukas se evangelie, vers 15, vertel ons dat nadat die engele hierdie verstommende aankondiging gemaak het, hulle na die hemel teruggekeer het, en die skaapwagters alleen in die veld gelaat is.

Nadat hulle hierdie skouspelagtige aankondiging direk uit die hemel gesien het, was dit duidelik dat daar van die skaapwagters verwag is om iets daaromtrent te doen!

Waarom anders sou die engel vir hulle sê hulle sou weet hulle het die regte baba gevind wanneer hulle Hom in doeke toegedraai en in 'n krip sien lê?

En hoe kon hulle NIE reageer op so 'n wonderlike nag nie?

So het die skaapwagters vir mekaar gesê: "Kom ons gaan nou na Betlehem en sien die dinge wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak het" (vers 16).

Ons weet nie hoe lank dit die skaapwagters geneem het om na Betlehem te stap, of hoe hulle daarin geslaag het om die regte gebou te vind nie. Lukas vertel net vir ons dat hulle "Maria en Josef en die Kindjie gevind het wat in die krip lê". En nadat hulle die baba vir hulself gesien het, kon hulle nie ophou praat oor wat gebeur het nie. Almal wat hulle gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters aan hulle vertel het (verse 17-18). Die skaapwagters het na hul troppe teruggekeer, maar hulle sou nooit weer dieselfde wees nie. Hulle het dinge gesien en gehoor wat hulle met 'n nuwe soort geloof gevul het. Terwyl hulle terug na die velde gestap het, het hulle God verheerlik en geprys vir alles wat hulle gesien en gehoor het, net soos dit aan hulle vertel is.

Wanneer ons besluit om op die goeie nuus wat ons gehoor het, te reageer, gee God sulke groot bewys van Sy waarheid, dat ons oorweldig word met die werklikheid en die goedheid daarvan. En ons sal nooit weer dieselfde wees nie. •

Hierdie artikel is oorspronklik gepubliseer in Salvos Magazine en word met vriendelike toestemming gebruik.

Wil jy meer weet?

Hier is 'n paar gratis, nuttige, Christelike aanlyn hulpbronne.

Aanlyn Bybel - **Olive Tree app**: Ons beveel aan dat jy met 'n maklik-om-te-lees-weergawe soos byvoorbeeld "Die Nuwe Lewende Vertaling" begin.	Stem - Bybel wat afgelaai kan word in die **Bible.is toepassing** of **Youversion Bible toepassing.**
Christelike radiostasie **CBN radio toepassing**: Verskillende kanale vir alle soorte musiek.	Christelike potgooi en preke **- Edifi toepassing**
Christelike films, reekse en kinderprogramme - **Good. toepassing**	Daaglikse gedagtes en inspirasie. **Our Daily Bread toepassing**
Advies oor spesifieke kwessies, Bybel leesplanne en studies vir nuwe gelowiges - **Youversion Bible toepassing**	Die Bybel verduidelik met visuele hulpmiddels - **Bible Project op YouTube.**
Aanlyn strokiesprent Bybel - **goodandevilbook.com**	Vir kinders - **Superbook Kids Bible, video's en speletjies toepassing.**
Alpha Film Reeks op YouTube - 'n Aanlyn bekendstelling aan Christenskap	**Manga Messiah app**: 'n Christelike strokiesprent met gratis speletjies toepassing, geïllustreer in Japannese-styl kuns.
YMI (bedoel om gelees te word as "Why am I?") 'n Christelike nuusbron vir jong volwassenes met verskeie inhoud, oordenkings en bronne. **ymi.today**	Meer inspirerende geloof stories: Vorige uitgawes van Challenge News by challengenews.online

nudge WITH KARL FAASE

Insig van die wyse manne

EEN VAN DIE mees fasinerende elemente van die eerste Kersfees, vir my, is die storie van die wyse manne. Hier is 'n groep oosterse sterrekykers, wat 'n nuwe ster opmerk en op hul kamele klim om wie weet hoe ver te reis, om 'n Koning te aanbid waarvan hulle nog nooit gehoor het nie.

Nog vreemder is dat, toe hulle by Herodes se paleis aankom, die Joodse leraars van daardie tyd geweet het waar Jesus gebore sou word, maar nie gegaan het nie. Tog vertrek hierdie buitelandse intellektueles om Jesus te ontmoet en te aanbid.

Hierdie manne was slim genoeg om die tekens van die tyd te lees, en die bewys van God se werk te sien. Wat van vandag? Met die oë van geloof glo ek jy kan oral God se werk sien. Van die skoonheid van die skepping, tot die geboorte van kinders, tot die wonder van ons heelal, tot die dade van genade en goedhartigheid deur mense, wat net deur die Gees van God gemotiveer kan wees.

God is aan die werk in ons wêreld. Mag ek jou aanmoedig om fyner te kyk na die hand van God in jou lewe? Die bewys is daar, jy moet net gereed wees om dit te sien. •



Sydney McLaughlin-Levrone van Team USA vier haar goue medalje en nuwe wêreldrekord in die Vroue se 400m Hekkies Finaal van die Olimpiese Spele Parys 2024. (Foto deur Julian Finney/Getty Images).

Tsige Duguma van Ethiopië. (Foto deur Sam Mellish/Getty Images).

OLIMPIESE GELOOF

Die kollig het helder geskyn op die medaljewenners van die Parys Olimpiese Spele.

Vir een spesifieke groep atlete het daardie glorie egter regmatig aan Iemand anders behoort – dit het aan Jesus Christus behoort. En daarheen het hulle dit gerig.

Met liedjies, Instagram, en selfs gebaretaal het hulle hul dank en geloof aan God verklaar.

Sydney McLaughlin-Levrone, VSA – 400m hekkies goud

Viervoudige Olimpiese gouemedaljewenner, wêreldkampioen, en wêreldrekordhouer – Amerikaanse hekkiesatleet Sydney McLaughlin-Levrone dra baie krone. Maar die een wat die meeste vir die 25-jarige beteken, het niks te doen met haar atletiekprestasies nie. "Die titel wat die meeste vir my beteken," sê sy, "is dogter van God."

Sy deel haar geloofverhaal in haar outobiografie Far Beyond Gold: Running from Fear to Faith.

By die perskonferensie, nádat sy die gouemedalje gewen het, het sy gesê: "Ek gee God al die eer vir wat ek kan doen. Ek het 'n platform, en ek wil dit gebruik om Hom te verheerlik. Wanneer ek op die baan stap, is my gebed altyd: 'God, laat my die voertuig wees waardeur U verheerlik word... ongeag wat gebeur, Hy gaan die lof kry deur my. Dít is hoekom ek doen wat ek doen."

Sydney het in 'n artikel op die Guideposts-webwerf geskryf dat sy in die kerk grootgeword het, maar God nie regtig geken het nie.

"Ek het Hom vermy omdat ek die idee gehad het dat Hy 'n streng meester is wat sou eis dat ek opgee wat ek geniet, insluitend hardloop, om Hom te dien. My siel het egter so na Hom verlang, want ek het gedink: 'Die enigste manier hoe my siel gaan genees en my verkeerde manier van dink gaan herstel, is om met God 'n pad te stap.' So het ek weer begin kerk toe gaan."

Haar persoonlike lewe het verander toe sy die voormalige NFL-speler Andre Levrone Jr. ontmoet het. Hulle is in 2022 getroud en sy gee hom krediet vir die feit dat hy haar gehelp het om standvastig in haar geloof te bly staan.

Sy het in haar boek onthul dat dit met sy hulp was dat sy besef het "my lewe gaan nie oor myself nie". Dit gaan daaroor om vir die wêreld God se krag, wysheid, goedheid, liefde, en vergifnis te wys.

"Wen, verloor, of gelykop - dit is 'n geleentheid om Hom te verheerlik, want my waarde is reeds in Christus verseker."

Australiese hoogspringer Nicola Olyslagers lees haar Bybel en skryf in 'n dagboek tydens 'n kompetisie. (Foto deur David Ramos/Getty Images).

Nicola Olyslagers, Australië – hoogspring silwer medalje.

Min mense verstaan 'n hoër roeping beter as die Australiese Olimpiese hoogspringer Nicola Olyslagers.

Op 1,86 meter is die 27-jarige nie net lank as mens nie, maar bereik ook hoë hoogtes in haar sport. By die Parys Olimpiese Spele in Junie het sy die silwermedalje gewen en sodoende die eerste Australiese veldatleet geword wat ooit 'n medalje by opeenvolgende Olimpiese Spele gewen het, nadat sy ook 'n silwer in die 2020 Spele in Tokio ingepalm het.

Sy stel die maatstaf hoog vir die ander – groter – doel in haar lewe: om vir Jesus Christus te lewe.

Nicola het in haar tienerjare 'n Christen geword. In haar laaste jaar van laerskool het sy na 'n nuwe skool gegaan en onthou dat sy bekommerd was oor haar nuwe omgewing.

Maar haar kommer was ongegrond. "Toe ek instap, is ek dadelik begroet met hierdie oorweldigende, nieveroordelende liefde van die studente en onderwysers," onthou sy.

"Dit was 'n liefde wat my met vrae gelaat het en afgunstig gemaak het oor hoe hulle in staat was om daardie soort liefde te toon. Hulle het almal gesê hulle het lief omdat Jesus hulle liefhet... dit het my hele lewe verander. Dit was die eerste keer dat ek ten volle die Evangelie [die verhaal van Jesus wat ons van ons sondes red] en die werklikheid van God verstaan en beleef het.

"Ek het my lewe aan Jesus toegewy."

Haar Instagram-profiel is vol Bybelverse en gebede.

Na haar silwer medalje het sy geplaas: "Prys die Here my Rots! Hy is my krag en lied!!"

Gabriel Medina, Brasilië – branderplank goud

Die Brasiliaanse branderplankryer Gabriel Medina is aangesê om 'n beeld van Jesus van sy branderplank te verwyder omdat dit teenstrydig is met die Olimpiese Handves, wat politieke en godsdienstige promosie verbied.

Dit het hom nie gekeer om die goue medalje te wen met 'n telling van 9.9 nie – die hoogste ooit in Olimpiese branderplankrygeskiedenis.

Die foto van hom wat opduik uit die golf – met 'n verborge boodskap – het blitsig regoor die wêreld versprei. Dit wys hom en sy branderplank wat blykbaar sweef terwyl hy sy wysvinger na die hemel rig – 'n gebaar wat goed bekend is onder Brasiliaanse evangeliste as 'n manier om God te prys en te bedank.

Brasilië se Gabriel Medina tydens die 5de afdeling van die mans se branderplank kompetisie, in die 3de rondte, van die Parys 2024 Olimpiese Spele. (Foto deur Jerome Brouillet / AFP) via Getty Images).

Gabriel se Instagram-plasing ná die oorwinning bevestig dit: hy het hierdie vers uit die boek van Filippense aangehaal –"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee." (Filippense 4:13)

Noah Lyles, VSA – baan en veld 100m goud, 200m brons

Toe hy in die ry gestaan het vir die mans se 100m-eindronde, kon mens sien hoe Noah Lyles van die VSA die woorde prewel: "Dankie, God. Dankie, God."

Nádat hy die goue medalje gewen het, het die naelloper aan Premier Christian Radio gesê dat hy sy "eie reis met God" moes vind. "Ek dank God elke dag dat Hy my deur elke rondte gedra het. Gesond - gees, siel en liggaam" het hy bygevoeg.

In 'n oorwinningsonderhoud met BBC Sport is die 27-jarige gevra wat sy laaste gedagte voor die wedloop was. Hy het met 'n glimlag gesê: "Dankie, God."

Span Fidji

Span Fidji het die atlete verheug deur gereeld lofliedere in die Olimpiese dorp te sing. Die Australiese waterpolo-speler Matilda Kearns het die aangrypende tonele op Instagram gedeel.

"Die beste sitplek in die Dorp is langs die Oseanië-gebou," het sy geskryf. "Ek is steeds nie moeg daarvoor nie!"

Tsige Duguma, Ethiopië – baan en veld 800m silwer

Die Ethiopiese baan- en veldatleet Tsige Duguma het silwer in die 800m gewen. Die woorde "Jesus is Here" was op die agterkant van haar wedloopnommer geskryf – gepaste woorde om hierdie opsomming mee af te sluit. •

VERSPREI DEUR:

Published by Challenge Literature Fellowship in partnership with Multi-Ministries.
Challenge Good Newspaper (South Africa). sachallengenews@gmail.com 082 893 9556 December 2024